# REDAKTEURSBRIEF

One of my favourite 'modern' composers is the great Leonard Bernstein (1918-1990). He once said: "To achieve great things, two things are needed; a plan, and not quite enough time." This is what I will take from the year 2020 – the concept of *now* having enough time!

With the onset of the global COVID-19 pandemic, 'time' became an irrelevant commodity. For weeks and months parts of the world were in 'lockdown' and suddenly the convention of 'I do not have enough time' meant nothing. Not only did COVID-19 bring about a world of mask-wearing citizens but also provided one with more than enough time – some quality time to spend with loved ones and reflect on how precious life is!

In 2020 het menige SAKOV-lid ook uitgesien na die Algemene Jaarvergadering in September om saam met kollegas en vriende in Stellenbosch bymekaar te kom om die vereniging se 40ste bestaansjaar te herdenk. Weens die inperking kon dit nie fisies gebeur nie, maar gelukkig het tegnologie dit vir almal moontlik gemaak om deur middel van video-insetsels saam te kon terugdink aan die ontstaan en groei van hierdie wonderlike organisasie. *Vir die MUSIEKLEIER* wil graag ook SAKOV van harte gelukwens met die mylpaal. 'n Reuse-woord van dankbaarheid word ook aan **Prof. Albert Troskie** betuig vir sy visie om in 1980 die vereniging tot stand te bring.

In classical music circles, the year 2020 was also known as 'Beethoven Year' – a time and opportunity to commemorate the master's 250th birthday. COVID-19, however, had other plans and completely deprived the world of the time we wanted to devote to him and his music! I can only imagine how many concerts of his majestic Ninth Symphony, for example, were not performed!

In hierdie uitgawe van die vaktydskrif het **Elsabe Kloppers** juis 'n artikel oor die meester geskryf en spesifiek gefokus op sy 'Ode aan die vreugde'. Beethoven se toonsetting van Friedrich Schiller se teks in sy Negende Simfonie is alombekend. Nie net is dit die amptelike lied van die Europese Unie nie maar funksioneer ook as 'n lied om eenheid en vreedsame naasbestaan te bevorder. Die melodie word ook in religieuse konteks gebruik en so bevat die *Liedboek* (2001) 'n teks wat op 1 Korintiërs 13 gebaseer is. Aangesien die melodie goed kan werk as 'n huwelikslied, stel sy dan ook twee nuwe tekste vir die lied voor.

# EDITORIAL LETTER

As deel van die SAKOV Algemene Jaarvergadering in September 2020 het **Daleen Kruger** die Gawie Cillié Gedenklesing gelewer met 'n voordrag oor die oorsprong van gemeentesang. In haar voordrag het sy veral beklemtoon dat die migrasie van 'n kerklied vanaf die ontstaan noukeurig nagevors en gedokumenteer word. Haar artikel fokus dan ook op vyf Afrikaanse Kerkliedere uit die *Liedboek (2001)* en wys dan op die ontstaan daarvan uit Middeleeus-Latynse tekste, sekulêre bronne en sekere Suid-Afrikaanse verbande.

**Gideon Els** het in 2020 'n navorsingsprojek van stapel gestuur waar hy wou bepaal wat die mees geliefde kerklied in Afrikaanssprekende kerke is. In sy navorsing het hy van die Delphi-tegniek gebruik gemaak en in sy artikel (die eerste deel van twee) verskaf hy 'n uiteensetting van die navorsingsproses en ervaring met die gebruikmaking van hierdie tegniek. Hierdie artikel dra by tot die metodologiese debat in die Kerkmusiek-navorsingsveld.

Beste wense!

Belangrike datums vir die volgende uitgawe:

- Alle manuskripte wat voorgelê word vir moontlike publikasie in die 2021-uitgawe van die tydskrif moet die redaksionele komitee op die laatste teen **31 Augustus 2021** bereik.
- Alle manuskripte moet teen **15 Desember 2021** finaal gekeur en aanvaar wees, die nodige veranderings moet aangebring wees en die dokumente moet redaksioneel- en taalversorg wees.
- Alle finale, taalversorgde artikels moet op die laatste teen **3 Januarie 2022** by die lettersetter wees ten einde haar tyd te gee om die finale publikasie binne vier weke te finaliseer.
- Die redaksionele komitee gaan probeer om die finale elektroniese weergawe van die tydskrif teen die **tweede week van Februarie 2022** gereed te hê.